**AS DEEL VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS MOET JULLE AS EENHEID FUNKSIONEER**

**Lees: 1 Korinthiërs 12: 12 -31 Teks: 1 Korinthiërs 12: 12**

Waar staan ons as gemeente? Is daar groei? Ons bespeur in die afgelope tyd 'n moedeloosheid en 'n terneergedruktheid in die gemeente. As ons luister na die begroting dan is dit ook nie so rooskleurig nie. Wat sou die rede daarvoor wees?

Ons sou kon sê dat daar 'n vermindering van lidmate is, en die feit dat die gemiddelde ouderdom van die gemeente vermeerder. Maar wat van die feit dat mense minder betrokke raak by die Kerk? Op watter wyse raak ons betrokke by mekaar, of dra sorg vir mekaar?

Paulus praat van die Kerk as die liggaam van Christus. Hy doen dit nie net hier in 1 Korinthiërs nie, maar ook in Romeine en Efesiërs en ander gedeeltes in die Bybel. Hy lê die klem daarop dat 'n gemeente as eenheid moet funksioneer, maar binne hierdie eenheid is daar 'n verskeidenheid van gawes wat Hy deur sy Gees aan die gemeente skenk. As daar nie samewerking is, en geen gebruik van gawes, dan vind daar agteruitgang plaas.

Vers 13 vertel ons dat die eenheid deur God self daargestel word. Maar ons probleem is baie keer dieselfde as die probleem wat in Korinthe plaasgevind het. Sommiges dink dat hulle gawes belangriker is as ander. Ander wil weer nie hulle gawes gebruik nie, en maak allerhande verskonings oor hoekom dit so is.

Maar net soos jou eie liggaam moet daar samewerking wees, en moet elke liggaamsdeel gebruik word vir die liggaam om reg te funksioneer. Die gawes is almal nodig, en elkeen verskil van die ander. Daarom kan die een nie belangriker wees as die ander nie. Nog verder kan die een nie sê dat hy nie die ander nodig het nie. Die hele liggaam kan nie oog of oor wees nie.

Maar as jy jou afsny van die gemeente of liggaam af, dan word jy nie gevoed nie. As jy nie gevoed word nie dan sterf jy. Meer nog, as jy nie daar is nie, en nie betrokke nie, dan kry die liggaam swaar. Hoe funksioneer 'n liggaam sonder 'n hand of 'n oog of die verlies van enige ander ledemaat? Dit kry swaar en moet geweldige aanpassings maak om enigsins normaal te moet funksioneer.

Die probleem waarmee ons in die Kerk vandag sit is dat elke keer as daar iets gereël word, dan is dit altyd dieselfde mense wat betrokke is en inspring om te help. En al is dit so dat die hele liggaam gevoed word deur die prediking, huisbesoek, en ander vorms van Woordbediening, is die liggaam lui. Daar word nie geoefen nie. Die rede? Die liggaamsdele funksioneer nie soos hulle moet nie. Mense wil bedien word en nie meer self dien nie.

Dit is nie die beeld wat Paulus hier in hierdie gedeelte wil tuis bring nie. Hy wil ons laat besef dat die Here se wil met hierdie gemeente en met enige ander gemeentes dat elkeen sy gawe

moet gebruik in die Kerk sodat die gemeente kan groei. Die groei vind nie plaas nie want mense staan en kyk, en kritiseer en breek af, maar raak self nie betrokke nie. Uiteindelik verlaat hulle die Kerk en daarom kry die liggaam swaar want die gawes verdwyn en iemand anders moet daardie werk doen.

Elkeen moet besef dat God nie een van sy kinders verbygaan met die uitdeel van gawes nie. En al is jy hoe oud, moet jy weet en besef dat jy nog steeds jou gawe moet aanwend tot opbou van die liggaam van Christus. Ons mag nie ons gawes onder 'n maatemmer gaan toemaak nie. Ons moet sorg dat die lig van die Evangelie in ons doen en late skyn en dat mense, God wat binne ons woon, kan raaksien in alles waarmee ons ons besig hou.

**Ds. Neville Boy**

**4 Maart 2018**